File OR-Bulletin

POSBUS
P.O. BOX 3982 JOHANNESBURG SUID-AFRIKA
SOUTH AFRICA

ONSA ORSSA

# OPERATIONS RESEARCH SOCIETY OF SOUTH AFRICA
# OPERASIONELE NAVORSINGSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

NEWSLETTER
NUUSBRIEF

April 1972.

## 1. MEMBERSHIP / LIDMAATSKAP.

We are glad to announce the following new member:

Ons kondig met genoeë die volgende nuwe lid aan:

J.N. KIDD Associate / Mede

The membership status of the following members has been changed:

Die volgende lede se lidmaatskapstatus het verander:

R. GONIN Full / Volle
V. RADEMACHER Full / Volle

## 2. SPECIAL APPEALS / SPESIALE OPROEPE.

The Executive Committee has decided to postpone the submission of summaries of intended papers for the 1972 Conference. However, persons wishing to present a paper are requested to complete the form attached to the Newsletter, and return it to the Secretary as soon as possible.

Volgens 'n besluit van die Uitvoerende Komitee hoef opsommings van lesings wat lede voor die 1972 Kongres wil lewer, nie nou ingestuur te word nie. Voornemende referente word egter versoek om die vorm, aangeheg aan die nuusbrief, te voltooi en so gou moontlik aan die Sekretaris terug te besorg.

2/...

3. ANNOUNCEMENTS / KENNISGEWINGS.

The Sixth International Conference on Operations Research is to be held in Dublin, Ireland, from 21 - 25 August, 1972. Some of the invited speakers are:

M.G. Kendall
D.B. Hertz
S. Beer
K.D. Tocker
B.V. Gnedenko

Registration fee is £60, and the registration forms must be submitted before 1-5-72. The address of the Conference Secretariat is:

Operations Research Ireland 1972,
59, Lansdowne Road,
Dublin 4,
IRELAND.

Further information, as well as registration forms, are available from our local Secretary.

4. NEWSITEMS / NUUSBROKKIES.

Woman on the move : Mrs. V.J. Watson joined C.S.S.L. (former C.S.S.A.).

We received the following letter from Mr. J.W. Grobbelaar, regarding the current status of the Operations Research courses at UNISA:

„Ons vereniging bestaan al bykans twee-en-'n-half jaar en het drie suksesvolle kongresse gehou. Tydens hierdie kongresse het ons kennis geneem van die suksesse van individue en spanne in 'n groot verskeidenheid van projekte in ons vakgebied, hetsy in die vorm van dikwels heel oorspronklike toepassings, hetsy in die vorm van basiese navorsing. 'n Leemte vir my bestaan egter nog daarin dat ons oor die algemeen min weet van hoe afsonderlike groepe in verskillende ondernemings funksioneer en waarmee hulle hul besig hou. Ons is tot dusver nog 'n relatiewe klein familie en kan dus nog bekostig om ons belangstelling in mekaar se doen en late te demonstreer en bevredig. Hiervoor is die nuusbrief die ideale medium en daarom wil ek hiermee die bal aan die rol sit en kortliks beskrywe hoe ons opleiding aan UNISA daar uitsien.

Die Departement Wiskundige Statistiek het begin met opleiding in Operasionele Navorsing in 1968. Tans word 'n Hons. B.Sc en M.Sc aangebied. Die voorvereiste vir toelating is 'n Baccalaureusgraad met 'n sekere minimum vereiste van agtergrond in Wiskunde en Statistiek. In die eerste Honneurs jaar, waarvan studente met die nodige agtergrond vrystelling kan kry, word dan van die student verwag om in Wiskunde en/of Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek sy kennis tot op derdejaarvlak te voer sowel as 'n basiese agtergrond in die tegnieke en filosofie van Operasionele Navorsing te verwerf. Aandag word ook aan

Ekonomie gegee en diegene wat nie Rekenaarwetenskap doen nie moet 'n kursus in Numeriese Analise aflê.

Vir die Honneurs moet studente vier goedgekeurde nagraadse kursusse doen maar tensy sodanige student reeds die nodige agtergrond in een of meer het, is sy keuse beperk tot die volgende:

1. Stogastiese Prosesse
2. Voorraad- en Produksiebeheer
3. Wiskundige Programmering I (Lineêre Programmering en Netwerk Analise)
4. Wiskundige Programmering II (Nie-lineêre- en Dinamiese Programmering).

Ter verwerwing van die Magistergraad moet 'n student twee goedgekeurde kursusse van eie keuse doen plus 'n verhandeling. Die onderwerp vir laasgenoemde is gewoonlik 'n praktiese probleem van redelike omvang, gewoonlik uit die student se eie werkkring, wat hy moet oplos.

Die opleiding is taamlik teoreties van aard maar d.m.v. werkopdragte en veral die verhandeling word getrag om die praktyk nie te verwaarloos nie. Daar is ook 'n begin gemaak om studente aan gevallestudies te laat werk, 'n aspek wat entoesiaties deur die studente verwelkom word.

Daar is tans vyf dosente in die Departement Wiskundige Statistiek gemoeid met hierdie opleidingsprogram, waarvan een binnekort vir verdere studie na Lancaster Universiteit vertrek. Hulle bied twee voorbereidende kursusse, bogenoemde vier kursusse in Honneurs sowel as die volgende alternatiewe vir Meestersgraad aan

1. Betroubaarheidsteorie
2. Spel- en beslissingsteorie
3. Toustaanteorie.

Daarby werk hulle aktief mee aan gevallestudies en help met verhandelings.

Die skerpsinnige leser sal geen verwysing na 'n aantal bekende tegnieke soos Simulasie, Kritiese Pad Metodes, ens. vind nie; maar sodanige onderwerpe is in die verskillende kursusse ingewerk.

Belangstelling onder studente was tot dusver lewendig en tans is daar vyf Meestersgraadstudente, ses tweedejaar Honneursstudente benewens meer as vyftig besig met die voorbereiding tot die tweedejaar Honneurs. Die suksesvolle student, wat natuurlik uiteraard in 'n voltydse betrekking staan, spandeer gemiddel twee jaar om elke akademiese jaar af te lê, hoewel daar diegene is wat dit vinniger doen.

Hierdie is 'n kort beskrywing van die nagraadse program in die departement Wiskundige Statistiek. Ruimte ontbreek om in te gaan op alternatiewe vir die Magistersgraad aangebied in departemente Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Ekonomie en meer statistiese onderwerpe. Daar word ook geen melding gemaak oor die Operasionele Navorsingsinhoud van kursusse in ander departemente, by uitstek die Skool vir Bedryfsleiding nie.

Ten slotte, mag ek weer die hoop uitspreek dat ander groepe van Universiteite en in Staats- en private ondernemings hierdie voorbeeld sal volg en ook van hulle sal laat hoor."

From Dr. U. Broccardo we received the following:

Miss Mary Smith (B.Sc. (Maths.) - Surrey University) arrived in South Africa, and is looking for an Operations Research job. She has got 2½ years experience in Operations Research; one year as a general trainee with a tobacco firm, and 18 months with a cement company, working on their transportation problem. She has a fair knowledge of FORTRAN, some knowledge of ALGOL and PL1, and has been working on an IBM 360/50.

Persons interested in interviewing her, should contact her at - 37 Fortesque Road, Yeoville, Johannesburg.

5. CHAPTER NEWS / NUUS VAN DIE TAKKE.

a) Johannesburg Chapter.

The Johannesburg chapter are pleased to announce that Mr. Philip Esselaar of J.C.I. has been co-opted onto the chapter committee. The committee has arranged a very interesting program of events for the forthcoming months. We kick off in fine style:

Next Chapter Meeting:

Date : Tuesday, 25th April
Time : 8.00 p.m.
Venue : Casa Mia Hotel,
Soper Road,
BEREA.

Lecturer : Professor J. Elbrond

Subject : Capacities of Bulk Handling Systems on Mines, Railroads and Harbours.

Professor Elbrond is the Professor of Operations Research in the Department of Mining Engineering at the Ecole Polytechnique in Montreal. Prior to taking up his chair in 1968 he spent 12 years at the Kirune iron ore operations in northern Sweden working in the field of Operations Research. He has a wealth of experience in simulation and other Operations Research techniques and is a recognized world authority on the subject matter of his talk.

5/...

Society members are assured of a stimulating and informative evening.

b) Pretoria-tak.

Volgende vergadering:

| | |
|---|---|
| Datum : | Donderdag 4 Mei |
| Tyd : | 7.30 nm. |
| Plek : | Assembly Hotel, van der Waltstraat, naby UNISA |
| Onderwerp: | Probleme van die Stadsbeplanner |

'n Bespreking oor bogenoemde onderwerp sal ingelei word deur mnr. Daan Gunning van die firma Plan Medewerkers van Pretoria. Lede van ons vereniging sal daarna ingaan op sekere van die probleme soos gesien uit 'n operasionele navorsingsoogpunt. 'n Lewendige bespreking word verwag.

Die firma waaraan mnr. Gunning verbonde is, is tans betrokke by Pretoria se beplanning. Hulle is ook gemoeid met die beplanning van 'n aantal dorpe en stede in die Republiek sowel as Suidwes, onder andere Newcastle, Oos-Londen, Walvisbaai en Swakopmund.

Die Pretoria-bestuur maak staat op 'n goeie opkoms, veral aangesien mense van buite-instansies wat met beplanning gemoeid is, spesiaal genooi is om die vergadering by te woon.

O.N.S.A. - 1972 - O.R.S.S.A.

KONGRES - DURBAN - CONFERENCE

NOVEMBER

Name:
Naam:

Address:
Adres :

I wish to present a paper at the Conference.
Ek wil graag 'n lesing voor die Kongres lewer.

The preliminary title of my paper will be:

..................................................................

..................................................................

Die voorlopige titel van lesing is:

..................................................................

..................................................................

A summary will be required in August, 1972.
'n Opsomming sal in Augustus 1972 van u verlang word.

Mail to:

The Secretary,
O.R.S.S.A.,
P.O. Box 3982,
JOHANNESBURG.

Pos aan:

Die Sekretaris,
O.N.S.A.,
Posbus 3982,
JOHANNESBURG.